

Maandag

Geloofsgehoorsaamheid 13 Mat. 5:44,45; 6: 5-13, 25, 31-34; 7: 9-11. Mat. 6:11 Gee ons van dag ons daaglikse brood. Tema Ons bid tot ons Vader wat elke dag voor sorg vir alles wat ons nodig het. Ons nader die Here en vra vir die nuwe oesjaar om vir ons te versorg met sonskyn, reën, bestuiwing, arbeidsrus, met markte en geldwaarde. Die unieke van die gebed "Gee ons vandag ons daaglikse brood", is dat gelowiges hiermee vir God dit vra waarvoor mense God nooit voor vra nie. Dit is soos met kinders! Watter kind vra sy/haar ouers of hulle kos mag kry, nie lekkers, koeldrank of koek nie, kos, of hy/sy mag skool toe gaan en skoolklere mag kry, nie sporttoerusting nie, of om dokter toe te mag gaan en medisyne te mag kry? Nie een nie! Dit is die unieke van hierdie gebed: dit vra van God dit wat Hy in elke geval voor sorg. Die "Ons Vader" gebed is die gebed wat presies is soos die Here in die Bergrede (Mat. 5:1- 7:29) wys hoe gebed moet wees. Alles hoe die Here wys hoe ons anders as geestelikes moet bid (Mat. 6:8), is wat ons in die "Ons Vader" voor bid. Oor hoe God sorg vir mense, vir dit waarvoor ons bid, stel die Here in Mat. 5: 45: God laat sy son opkom oor goeie en slegte mense en laat dit reën oor wetsgehoorsames en wetsverbrekers, elke dag. Hy gee son en reën vir hulle wat bid en nie bid nie, want Hy sorg getrou vir sy skepping daaglik. Daarom bid ons as gelowiges daaglik vir God vir sy daaglikse sorg, waarin Hy getrou ons Vader bly, al sou ons nie bid nie. Dit is die nuwe van gebed vir hulle wat in Jesus Christus glo: ons vra vir dit waarvoor God in elk geval daaglik sorg. Wanneer ons met 'n nuwe oesjaar God vir sonskyn, reën, bestuiwing, arbeidsrus, markte en geldwaarde bid, "gee ons vandag ons daaglikse brood", weet ons ons bid vir dit waarvoor Hy in elk geval voor sorg. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Geloofsgehoorsaamheid 13 Mat. 5:44,45; 6: 5-13, 25, 31-34; 7: 9-11. Mat. 6:11 Gee ons van dag ons daaglikse brood. Tema: "Ons bid tot ons Vader wat elke dag sorg vir alles wat ons nodig het." Oor gebed wys die Here in Mat. 6: 31 dat ons nie met bekommernis mag bid oor wat ons sal eet, drink of aantrek nie. Daarom mag die gebed "gee ons vandag ons daaglikse brood", nooit wees uit die bekommernis oor wat ons moet eet, drink of aantrek nie. God voorsien ons met wat ons nodig het met groter liefde en sorg as wat Hy daaglik besig is om al die voëls van die hemel (wat nie bid nie!) met kos te voorsien, en Hy voorsien daaglik vir ons kleding met groter sorg en liefde as vir die lelies van die veld (wat ook nie tot Hom bid nie). Daarom mag ons nooit vir ons daaglikse brood bid, met die angs, paniek en bekommernis dat God nie reeds vir ons behoeftes voorsien het nie. Ons bid vir ons daaglikse brood met die innerlike sekerheid dat Hy BESLIS voorsien het en SÁL sorg. Ons mag ook nie vir ons daaglikse brood bid op straathoeke of met baie woorde nie. (Mat. 6: 5-9) God voorsien in ons behoeftes omdat Hy ons Vader is wat besig is om te sorg. Ons is nie deel van geestelikes wat meen dat God tot sorg gedwing moet word met magsdemonstrasies van honderde, duisende en miljoene op die vlaktes en paviljoene van Bloemfontein, Kaapstad en Rustenburg nie! Daarom bid ons "gee ons vandag ons daaglikse brood" in die diepste persoonlike vertrouwe waar ek alleen God

die Vader as sy geliefde kind nader. Net só bid ons vir ons daaglikse brood nie met baie woorde in pleitredes - asof ons God by ons nood betrokke moet kry nie; nie met verduidelikings nie - asof God in sy afwesigheid op hoogte van sake gebring moet word; ook nie met beloftes van bekerings, toewydings en liefdes nie - asof ons God se kilheid om te sorg in jammerte moet omkeer nie. Ons bid in vertroue vir sy sorg omdat Hy as Vader reeds vir al ons behoeftes voorsien het. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

Geloofsgehoorsaamheid 13 Mat. 5:44,45; 6: 5-13, 25, 31-34; 7: 9-11. Mat. 6:11 Gee ons van dag ons daaglikse brood. Tema: "Ons bid tot ons Vader wat elke dag sorg vir alles wat ons nodig het." Die gebed vir ons daaglikse brood in die "Ons Vader" is hoe ons bo alles eers ingestel is op God se koninkryk en sy geregtigheid, en nie bo alles op ons sorg nie. (Mat. 6:32,33) Daarom bid ons in 3 bedes in die "Ons Vader" vir God se koninkryk:

1. dat ons Hom sal ken as die Here wat die Dawids- en Abrahamsbelofte vir ons vervul het (Laat U Naam geheilig word - Mat.1:1,17;28:18 en 20);
2. dat Hy ons deur sy genade en nie deur sy wet sal regeer nie. (laat u koninkryk kom. Mat.26:64), en
3. dat Hy ons deur die nuwe wet en nie deur die ou wet nie sal lei (laat u wil geskied Mat. 5:17; Rom.8:2)

In nog drie bedes bid ons vir die geregtigheid waarby die Here ons in sy koninkryk insluit:

1. dat Hy ons sondes sal vergeef,
2. ons nie in die versoeking sal laat kom om ons sonde as ons reg te glo nie en
3. dat Hy ons van die Bose van die suurdeeg van die Fariseërs sal bewaar.(Matt.16:6)

In net een bede vra ons God om vir ons te sorg. Só is ons in die "Ons Vader" ingestel op God se ryk en geregtigheid omdat ons weet Hy sorg in elk geval vir ons behoeftes. In alle afgodsdienste maak hulle asof God eers sal sorg nadat jy God se ryk en geregtigheid gekry het, so asof jy dit moes soek omdat jy nie deel daarvan is nie. In alle welvaartsgeestelikheid glo hulle dat wanneer jy geestelik word met bekerings, vervullings en oorgawes, sal God jou met sy goeie sorg beloon.

Daarteenoor leer die Here ons oor gebed in Mat. 6: 31 – 34, dat Hy in elk geval vir ons sorg, en daarom mag ons ingesteldheid in gebed nie wees om ons nood en behoeftes voorop te stel nie. As goedversorgde kinders is ons ingestel op sy liefde vir ons en ons liefde vir Hom. Kinders wat weet hulle kry in elk geval drie maaltye 'n dag, is gefokus op liefde en diens, nie hulle gebrek nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Donderdag

Geloofsgehoorsaamheid 13 Mat. 5:44,45; 6: 5-13, 25, 31-34; 7: 9-11. Mat. 6:11 Gee ons vandag ons daaglikse brood. Tema: "Ons bid tot ons Vader wat elke dag sorg vir alles wat ons nodig het." Hoekom bid ons vir ons daaglikse brood, dit is daaglikse

sorg, as God in elk geval dit aan ons voorsien? Dit is soos met kinders wat by 'n gedekte tafel aansit om te eet! Die pa het sonder dat die kinders werklik weet wat hy by sy werk doen en hoe hy sy werk doen, al die geld verdien waarmee hy klaar die kosaankope gedoen het, terwyl sy kinders nie geweet het hy het dit gedoen nie. Die ma het van vroeg af al die kos voorberei, betyds gereed gekry en die kinders geroep om by 'n gedekte tafel aan te sit. Die kinders het haar glad nie gevra om kos te maak en op te dek nie. Wanneer die kinders dan kom aansit, en hulle rek om iets op die tafel te vat, dan sê die ouers hulle moet nie net sommer rek en vat nie, hulle moet eers vra. Hoekom moet hulle vra vir dit waarvoor klaar gewerk, wat klaar voorberei en opgedek is? Want om te vra vir wat opgedek is, is hoe die ouers geëer word vir hulle liefdevolle sorgsaamheid! Dit is presies hoe die Here ons leer hoe om elke dag te bid vir ons daaglikse brood! Ons bid vir kos, klere, water en gesondheid waarvoor Hy klaar gesorg het, voorberei en opgedek het deur sy son, sy seestrome, sy lugdrukstelsels, sy grond, sy water, sy insekte, sy plante en diere, sy markte, sy beweging en vervoer, sy dokters, spesialiste, aptekers en tegnisi. Ons bid tot ons God die Vader omdat ons nie rek en vat nie, maar vra! Ons bid nie soos geestelikes en ongelowiges wat glo dat hulle met gebede God aan die gang moet kry om te begin voorsien nie of moet onderhandel om sy sorg op te dek nie. Ons bid elke dag vir ons daaglikse brood, waarvoor God in elk geval sorg, om soos Dawid, God vir sy sorg te eer: "U dek vir my 'n tafel voor die oë van my teenstanders. U verfris my kop met olyfolie, my beker loop oor. Ps.23 Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Geloofsgehoorsaamheid 13 Mat. 5:44,45; 6: 5-13, 25, 31-34; 7: 9-11. Mat. 6:11 Gee ons vandag ons daaglikse brood. Tema: "Ons bid tot ons Vader wat elke dag sorg vir alles wat ons nodig het." Daar is vandag baie slim geestelikes wat gelowiges leer om nie meer vir hul daaglikse brood te bid nie. Hulle sien hulle self as sogenaamde wetenskaplike geestelikes beter as gelowiges. Volgens hulle gebeur alles vanself en daarom kan jy God nie meer vir jou daaglikse brood bid nie. Dit reën omdat die seestrome beweeg, die lugdrukstelsels afwissel, verdamping plaasvind en nie omdat jy bid nie, en daarom moet jy nie daarvoor bid nie. Net so skyn die son sommer van self, en omdat die son skyn, fotosinteer plante, leef diere en moet ons self kos maak, en daarom bid ons nie vir ons daaglikse kos nie. Net so is daar nou dokters, hospitale, medisyne en weet ons siektes werk soos siektes werk, en bid ons nie meer vir hierdie dinge wat werk soos dit werk nie. Net so kan jy nie bid vir die Here se bewaring op paaie nie, jy moet net jou oë oophou, - nie vir sy bewaring teen plundersaars nie. Jy moet net jou self beveilig, want alles werk net soos dit werk. Hulle wil nie meer bid nie maar mediteer. Wie God om hul daaglikse brood bid, is volgens die slim geestelikes eenvoudige mense wat nog nie weet hoe werk die skepping nie en ontvlugting soek vir die werklikheid dat dinge werk soos dit werk. Wanneer die Here ons leer om te bid vir ons daaglikse brood, bid ons nie dat God moet begin om dinge te laat gebeur wat Hy nie doen nie. Ons eer Hom vir wat ons weet, én nie weet nie, waarmee Hy en waarvoor Hy alles voor sorg wat ons nodig

het. Want ons is nie kinders wat by 'n tafel aansit en vat sonder om te vra nie. Ons vra vir wat God vir ons in elk geval voorberei het in sy vaste sorg. Ons onteer Hom nie met die minagting dat omdat Hy in elk geval werk en sorg soos Hy werk en sorg, vat ons sonder om te vra nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za
Ds. Petrus.